BYBELSTUDIE HEBREËRS 12:4-13.

A. OPSOMMING.

VERS 4.

Die opponent waarteen die gelowiges in vers 4 te staan kom, is die sonde. Vir die gemeente het die stryd nog nie *om lewe of dood* geword nie. Om lewe of dood kan beter vertaal word met "ten bloede toe". In hierdie vers hou die skrywer wel rekening met bloedige vervolging wat 'n moontlikheid is en wil sy lesers daarvoor voorberei. Domitianus het die keiserlike troon bestyg [81-96 vC] en hy het verwag dat almal voor hom moet kniel en hom as heer of koning moet aanspreek. Christenvervolging was dus enige tyd 'n moontlikheid.

VERS 5-6.

Die belangrikste woord in hierdie sewe verse is tug. Dit kom nie minder nie as tien maal voor nie. Die Griekse woord vir tug is *paideia* en ons woord pedagoog en pedagogiek is daarvan afgelei. In die Afrikaanse teks word *paideia* deurgaans met tug vertaal, wat jammer is aangesien die opvoedingsgedagte daardeur op die agtergrond geskuif word. God tug omdat Hy ons wil opvoed. Dit sou ook heeltemal verkeerd wees om die tug van Hebreërs 12 as straf op sonde te verklaar. Dit gaan om 'n vormingsproses deur lyding en swaarkry.

Die groot vraag is natuurlik hoe 'n gelowige swaarkry moet hanteer. Watter sin moet hy aan swaarkry gee komende van God aan die een kant en van Satan aan die ander. Uit Satan se hoek gesien is ons swaarkry 'n versoeking. Ons moet dit as sodanig uitken en die stryd aansê. Van God se kant gesien is ons swaarkry deel van 'n opvoedingsproses. Dit vorm geestelike volwassenheid. God se opvoeding moet ons nie moedeloos maak nie.

Waarom moet ons nie moedeloos word nie? Die rede word in vers 6 gegee: omdat God alleen diegene wat Hy liefhet opvoed [Spreuke 3:11-12].

VERS 7-8.

In hierdie verse gaan dit nie om 'n harde baas wat aan sy slawe 'n skrobbering gee nie. Dit gaan oor God ons Vader wat as die Groot Opvoedkundige net die beste vir sy kinders wil gee. Wanneer ons nie ag slaan op sy waarskuwings nie [uit die Woord] – verplig ons Hom om harder met ons te praat. Uit die normale ouer-kind verhouding weet ons dat dissipline noodsaaklik is. En as daar nie dissipline is nie? Dan moet ons onself afvra of daar nie iets in ons verhouding met God skort nie [8]. Want dan is julle nie werklik sy kinders nie, sê vers 8. Letterlik staan daar: dan is julle buite-egtelike kinders.

VERS 9.

Alledaagse onderrig leer ons dat goeie opvoeding eerbied tot gevolg het. Aardse vaders dwing respek af. Hoeveel te meer sal ons ons nie aan die Hemelse Vader onderwerp en lewe nie? Hierdie lewe verwys na die ewige lewe.

VERS 10-11.

Die verskil tussen die aardse en hemelse vader van vers 9 – word hier verder verduidelik. Twee belangrike resultate in die opvoedingsproses word uitgewys.

EERSTENS:
God is nie soos die aardse vaders wat vir 'n kort tydjie die geleentheid het om hulle kinders na hulle [beperkte] goeddunke op te voed nie. God se opvoeding is tot ons beswil en bestaan daarin dat ons in sy heiligheid mag deel. Die Griekse woord vir heiligheid kom net hier in die Nuwe Testament voor en beteken dat God se wese sonder sonde is. God se opvoeding dwing ons met ander woorde om die sonde meer en meer af te sterf sodat God se heiligheid al hoe meer sigbaar in ons lewe word.
IN DIE TWEEDE PLEK:
God se opvoeding bring vir sy kinders die goeie vrug van vrede [11]. Hierdie vrede is 'n heel verhouding met God en die vermoë om volgens sy wil te leef.
VERS 12-13.
In hierdie verse kom die skrywer weer terug na die beeld van die wedloop. Daar het verslapping onder die lidmate ingetree. Daarom vermaan hy hulle: *versterk daarom die slap hande en die lam knieë*. Hierdie woorde is 'n aanhaling van Jesaja 35:3. Daar mag geen flouheid of moedeloosheid onder die Hebreeuse Christene wees nie.
Hulle moet 'n "reguit pad loop". Letterlik: maak 'n reguit pad vir jou voete. Dit is 'n aanhaling van Spreuke 4:26. Die kortste pad moet gevolg word. Waarom? Sodat die wat lam is, nie uit lit uit raak nie, maar gesond word. Met die wat uit lit is word bedoel die gelowiges wat nog nie ver in die genade gevorder het nie.

B. <u>VRAE</u>.

1. Hoeveel keer kom die woordjie tug in vers 1-11 voor?

2. Lees vers 6.
   Die woorde tug en straf het 'n negatiewe betekenis in Afrikaans. Aangesien dit nie in vers 6 om sonde gaan nie, watter ander vertaling sou u vir die woorde tug en straf gee?

3. Lees vers 5-11.
   Waarom is dissipline 'n belangrike deel van 'n gelowige se verhouding met God?

4. Lees vers 11.
   Watter soort dissipline en opvoeding moet 'n gelowige deurmaak?

5. Indien jy terugdink aan jou eie lewe, sou jy kon bevestig dat swaarkry-tye besondere opvoedingsgeleenthede in die Here se hand was?

6. Volgens vers 12-13 moet gelowiges ag gee op mekaar – in besonder op diegene wat veragter het in die geloof. Vind jy ook dat Christene onbetrokke bymekaar verby lewe? Sou jy aan maniere kon dink hoe ons Christelike-kameraadskap kan bevorder?

C. ANTWOORDE.

1. Tien keer.

2. Die Griekse woord vir tug is paideia en ons woord pedagoog en pedagogiek is daarvan afgelei. In die Afrikaanse Bybel word paideia deurgaans met tug vertaal, wat jammer is aangesien die opvoedingsgedagte daardeur op die agtergrond geskuif word. Die woordjie tug is eerder opvoeding van God deur lyding en swaarkry. Daarom sou 'n beter vertaling vir die woordjie straf eerder dissipline wees. Die sin sou beter klink soos volg: *Want die Here voed hom wat Hy liefhet op, Hy dissiplineer elkeen wat Hy as kind aanneem*.

3. Dit is in die eerste plek 'n versekering van God se liefde teenoor jou as sy kind [6].
   Dit is 'n bewys van jou kindskap [6 en 8]. Wie nie deur God opgevoed word nie, is letterlik 'n buite-egtelike kind volgens vers 8.
   Dit leer ons om eerbied vir die Here te hê [9].
   God voed ons op sodat sy heiligheid al hoe meer sigbaar in ons lewe kan word [10]. Die Griekse woord vir heiligheid kom net hier in die Nuwe Testament voor en beteken dat God se wese sonder sonde is. God se opvoeding dwing ons met ander woorde om die sonde meer en meer af te sterf.
   God se opvoeding en dissipline lei tot vrede – dit is 'n heel verhouding tussen ons en die Here waar sy wil vir ons alles beteken.

4. Deur trane en beproewing.

5. Eie antwoord.

6. Eie antwoord.

****